


Sol·Tech

# BEDRADINGSLISENSIE

VAARDIGHEIDSPROGRAM

## Doel van die program:

Die Bedradingslisensie-vaardigheidsprogram bied aan 'n gekwalifiseerde Elektrisiën, Meulmaker of Megatroniese Tegnikus die geleentheid te bied om as 'n installasie-elektrisiën te spesialiseer. Suksesvolle individue sal bemagtig wees om 'n Sertifikaat van Voldoening ("Certificate of Compliance") uit te reik vir beide kommersiële en industriële strukture. Die student moet ook twee formele eksterne eksamens voltooi wat op die SANS10142-1 gebaseer is.. Hierdie eksamen eksamenvoorskrifte word deur die Departement van Arbeid (DVA) voorgeskryf.

## Wat sal die studente leer?

Gedurende die opleiding sal die student die nodige kennis en vaardigheid aanleer en demonstreer om 'n enkelfase en drie-fase installasie te beplan, inspekteer en te toets. Daar sal ook van die student verwag word om die nodige dokumentasie te voltooi wat die toetsing boekstaaf. Studente sal geleer word hoe om die Sertifikaat van Voldoening te voltooi en uit te reik in lyn met SANS10142-1 en DVA se voorskrifte en vereistes.

### Totale studietydperk

**13 weke**

### Assessering

Daar sal van die student verwag word om die Sol-Tech-Verklaring van Resultate en DHET-Verklaring van Resultate aan die DVA voor te lê as deel van die finale voltooiing van die program waarna die DVA die bedradingslisensie sal uit reik.

Portefeulje word intern asook deur die EWSeta gemodereer.

### Koste van leerprogram

| Publiek | Solidariteit-lede | Sol-Tech studente met Solidariteit lidmaatskap |
|---|---|---|
| **R 11 100** | **R 8 880** | **R 7 770** |

### Kontaktyd

| KOMPONENT 1: TEORIE | KOMPONENT 2: PRAKTIES |
|---|---|
| *Week 1-12*<br>Self-gerigte aanlyn leer op S-Leer *(Solidariteit se aanlyn leerplatform)* | *Week 13 (Maandag tot Donderdag, na-ure, +- 3 ure per dag)*<br>Op die Sol-Tech-kampus, in die werkswinkel |

### Toelatingsvereistes

- Gekwalifiseerde **Elektrisiën** / **Meulmaker** / **Megatroniese Tegnikus**
- Moet reeds vraestel 1 en 2 van **Installasiereëls** geslaag het.
  *Voorsien Verklaring van Resultate wat deur Departement van Hoër Onderwys en Opleiding uitgereik is.*

### Toerusting benodig

**Aankoop van toerusting is die student se eie verantwoordelikheid.*

- Multimeter
- PPE
- Elektriese skroewedraaierstel
- Kombinasietang

*Meetinstrumente word voorsien*

Kliek hier